# 10 April 2023 - Lesing 6 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Nood neem toe aan die eindtyd – 11/3/57

**No: 6781** Die kort weg wat julle nog het om af te lê, sal nog baie eise aan julle stel, sowel aan julle krag as aan julle wil. Omdat die tyd wat vir julle mense nog op hierdie aarde oorbly maar kort is, is die klim omhoog besonder steil en lastig. Die hindernisse is veral moeilik om te oorkom. Maar die doel kan tog bereik word, omdat Ek ook met My Krag en Genade ongewoon werksaam sal wees en omdat julle My self om bystand kan aanroep, wat julle beslis sal ontvang.

Hoe erg julle in die laaste tyd deur My teenstander in die noute gebring sal word, sal julle almal nog ervaar. Want hy sal met lis en slinksheid julle in die verderf probeer sleep en elke middel wat hom daarmee help, sal vir hom goed wees. En so sal hy julle ook aards in allerlei nood indryf. Hy sal deur sy handlangers almal aanval wat vasberade op die weg na My gaan. En waar hy kan, vergroot hy nog die struikelblokke, steeds met die hoop dat julle mense daarvoor sal terugdeins en 'n minder moeilike pad kies, wat egter weg van die doel af sal lei.

Die teenstander werk op die mense in wat aan hom gebonde is, sodat hulle heeltemal volgens sy wil teenoor hul medemens sal optree, dat hulle alles sal doen om julle in die nood in te dryf, sodat julle jul sinne weer op die materie sal rig, waarvan julle julleself alreeds losgemaak het.

My teenstander probeer ook om die gedagtes van die mense te beïnvloed, die wat hy as slagoffers uitgekies het. Hy bring hulle in die war en veroorsaak dat julle so nou en dan nie by magte is om geestelike kontak met My tot stand te bring nie. Hy plaas homself tussen My en julle en daarom keer julle - deur hom aangehits - dikwels na die weg wat vir julle makliker begaanbaar voorkom.

Julle almal kan sulke versoekings te wagte wees en julle sal in hierdie tyd baie standvastig moet wees en bly. Julle moet daaraan dink dat Ek dit alles vir julle aangekondig het en dat julle daarom ook sal kan vertrou op My Woord en dat julle verseker kan wees van My vergrote beskerming en vermeerderde toevoer van genade. Daar wag vir julle almal nog 'n ernstige tyd van beproewing voor. Want steeds verskrikliker sal hy werksaam wees. Steeds verderfliker is die giftige newel wat hy versprei, oral waar hy vrees om siele te verloor.

Ek beloof julle steeds weer My hulp, maar tog kan Ek nie My teenstander in hierdie laaste tyd verhinder om by julle werksaam te wees nie, omdat dit oor 'n stryd gaan tussen My en hom, waarby die vrye wil van die mens die deurslag sal gee en nie My Mag nie. Daarom laat Ek hom die vryheid toe, ofskoon sy skandelike planne julle almal nog in groot nood sal bring.

Maar julle hoef nie te beswyk nie. Julle sal julleself altyd kan verweer deur julle vrye wil vir ewig aan My te gee. En julle sal My dan altyd om bystand kan vra. Julle het julle dan vrywillig onder My beskerming geplaas en julle sal dit ook mag ervaar, want Ek laat waarlik geen mens, wat die weg na My wil neem, aan My teenstander oor nie.

Slegs selde sal 'n mens hom in die komende tyd in volledige rus mag verheug, tensy hy totaal ten prooi geval het aan My teenstander. Maar wie nog 'n besluit moet neem en die wie My alreeds gekies het, sal voortdurend deur die aanvalle van My teenstander vervolg word. Hy sal aards in 'n benarde toestand raak. Hy sal agtervolg word deur ongeluk en siekte. Daar sal aan hom skade berokken word deur die medemens, hy sal voortdurend moet stry en sal ook dikwels begin twyfel aan My Liefde. En juis dit wil My teenstander bereik, want sodra hy daarin slaag om My te verdring, het hy ook gewen.

En daarteen waarsku Ek julle. En Ek verseker julle steeds weer, dat as julle ook deur die grootste aardse nood heen gelei word, julle die moeilikste struikelblokke sal oorkom, as julle jul geloof in My Liefde en Mag maar nie prysgee nie. Dit sal die laaste beproewinge op hierdie aarde wees. Dit sal 'n tyd van nood, van ellende en droefenis wees, maar dit is ook die laaste kort stukkie pad wat julle nog moet aflê.

En julle sal onmeetlike krag van My kan onttrek. Julle hoef julle maar net tot My te rig en daar sal 'n stroom van krag in julle invloei. Julle moet net vol vertroue alles wat julle beswaar in My hande plaas en Ek sal julle waarlik nie verlaat nie.

Maar hom moet julle nie laat seëvier nie, al kom julle ook in die diepste nood. Solank julle oë op My gerig is, sal sy aanvalle tevergeefs wees. Solank julle met My in verbinding staan, stoot julle hom van julle af weg en dan onttrek julle aanhoudend genade en krag van My. En julle sal as oorwinnaars te voorskyn kom uit die stryd. Amein.